**Bellville-Oos**
GEREFORMEERDE KERK

**20 September 2026**

***Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!***

# Die Boodskapper

**Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) /** admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:00) : Ds Reinder Kingma

**Vooraf: Ps. 5: 1,3,6 en 10 (Totius)**
**Votum en groetseën**

**Sing**: Psalm 34:1,2,4 (p.166 Totius)
**Geloofsbelydenis**

**Verootmoedigings- en versoeningsdiens**
- 1 Johannes 1:5 – 2:3
- Lied 244:1

**Gebed**

**Skriflesing**: 1 Johannes 4:7-5:5
**Woordbediening**
**Teksverse:** 1 Johannes 4:8
**Tema**: *God is liefde!!*
**Sing:** Lied 334:1,2,3,4

**Gebed**
**Liefdegawes**
**Sing:** Sb 15-1:1,2,3,4
**Seën van die Here**

## English Service (16:30) : Rev Mduduzi Mahlangu

**Greetings and Benediction**

**Sing:** A Mighty Fortress is our God
**Sing:** Great is thou Faithfulness
**Sing:** This little light of Mine

**The Apostle Creed**
**The Ten Commandments**

**Scripture Reading and Sermon:** Gen 21: 22-34
**Theme:** *God's Promises are for all generations*
**Prayer**
**Sing:** It is well with my soul
**Sing:** Abide with me
**Benediction**
**Sing: Doxology for the Blessing**

## Lofsangdiens (18:00) : Ds Jaco Linde

**Teks: Genesis 1 tot 2:4**

**Liturgie en liedere sal verder op die skerm vertoon word**

# Waarvoor kan ons bid?

- Ons bid dat die Here ons harte en gedagtes sal oopmaak vir geleenthede om Sy Evangelie te versprei.
- Ons bid dat ons die Here se liefde sal uitleef na almak om ons, nie uit vrees nie, maar ondat Hy ons eerste liefgehad het.
- Ons bid dat die Here 'n einde sal bring aan die misdaad wat ons land so kwel.
- Ons bid dat ons die Here se skepping sal raaksien en die verskeidenheid wat uit Sy kreatiewe Hand kom sal waardeer.

**Chri-sante:** **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676

**Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** https://www.gkbo.org

| | | |
|---|---|---|
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za |

**KOLLEKTES: VANDAG :** Diakonale Kas en Emeritaatsfonds
**Sondag 27 September :** Instandhouding van Erediens en Sustentasiefonds

| | **VANDAG:** | **Sondag 27 September:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Bart v Milligen / Lofsangdiens | Carike Byker-Nel/Bart v Milligen |
| **Projektor:** | Wim Gevers | Phillip Venter |
| **Teeskink:** | GF21; GF22; VR2 en VR4 | GF23; VR5 en VR6 |
| **Parkeerterrein:** | Mossie en Ria Kruger | Nic Grobler en Philip Olivier |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Arnold en Esma Pretorius
**Sondag 27 September**: Lukas Malan en Pieter Stoker

**DAGBOEK 20 September tot 27 September**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 8:30 |
| VANAAND | Lofsangdiens | GKBO | 18:00 |
| Di 22/09 | Griefshare sessie 6 | GKBO konsistorie | 9:30 |
| Woe 23/09 | Skole Sluit | GKBO | 09:00 |
| Woe 23/09 | Koningskinderskamp begin | Melkbos | 14:00 |

**BYBELSTUDIES**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ma 21/09 | Bybelstudie - aand | GKBO Voorportaal | 19:00 |

# Van die Kerkraadstafel:

**Ds Brahm** neem vanoggend die erediens waar by GK Centurion. Ons bede is dat die Woordverkondiging daar geseënd sal wees en tot opbou van Sy Koningkryk sal dien.

## Ter approbasie:

Die volgende broeders word aan die gemeente voorgehou ter approbasie vir **die amp van Ouderling**:

Willem (WL) de Villiers; Wim (WR) Gevers; Wiehahn (W) Jacobs; Herman (H) Klomp; Muller (HM) Lourens; Arnold (AT) Mahne; Arnold (AM) Pretorius; Douw (DG) Steyn; Pieta (PA) Swanepoel; Rouleaux (IR) van der Merwe; Mias (JJ) van der Walt; Adriaan (AV) van Wyk; Lucas (LM) Venter; Phillip (P) Venter; Riaan (MJR) Vorster; Jacobus (JPH) Wessels.

Ons vra die gemeente se voorbidding vir hierdie broeders in die oorweging van die roeping.

# Fokustyd 2026: God, mekaar, die wêreld

Ons het voorverlede week begin met ‘n nuwe reeks waar ons in diepte fokus op ons gemeente se roepingstelling naamlik *God, mekaar, die wêreld*. Dit is ŉ tyd waarin ons weer die kernbeginsels van hierdie roepingstelling gaan vaslê en opnuut fokus op die Here se roeping vir ons hier in Bellville-Oos. Fokustyd is daar om ons aan te moedig om deur middel van huisgodsdiens, Persoonlike- en Groepsbybelstudie, weeklikse dagstukkies en gefokusde preke tot ŉ dieper indruk van ons gemeente se roeping te kom en sodoende te groei in ons vehouding met Hom en mekaar.

Hoe lyk die formaat van Fokustyd?

- Maandagoggende is daar ŉ inleiding tot die week se tema wat na almal gewhatsapp word op die kerk se whatsappgroep.
- Tesame met die week se tema word daar Bybelgedeeltes vir verdere studie op die gemeente se Whatsapp-groep deurgegee. Hierdie gedeeltes sal by die weeklikse Bybelstudies en Geloofsfamilies behandel word. Daar is ook die opsie om dit te gebruik in persoonlike Bybelstudie, maar ons wil julle aanmoedig om ten minste in hierdie tyd by ŉ Bybelstudiegroep/Geloofsfamilie te probeer aansluit. Indien daar nie een is wat inval in die tyd wat jy beskikbaar het nie, is daar niks wat jou keer om nog ŉ geloofsfamilie te begin nie.
- Daar sal ook wenke wees van hoe om hierdie gedeelte met jou kinders te bespreek sodat hulle ook ingesluit word by hierdie studietyd.
- Vrae wat uit die Bybelstudies opkom kan dan gerus aan die predikante gestuur word en dit sal so goed as moontlik in die preke beantwoord word.

| **Datums** | **Tema** | **Predikant** |
|---|---|---|
| Wk 2. 14 - 20 September | **God is liefde** (dan ‘n breek vir die vakansie) | Reinder |
| Wk 3. 5 - 11 Oktober | **Aan mekaar verbind** | Jaco |
| Wk 4. 12 - 18 Oktober | **Daar vir mekaar** | Brahm |
| Wk 5. 19 - 25 Oktober | **Die kerk in die stad** | Jaco |
| Wk 6. 26 Oktober – 1 November | **Die kerk in die wêreld** | Brahm |

(Indien jy nog nie op die gemeente se Whatsapp groep is nie, stuur ‘n Whatsapp na die kerkkantoor (082 712 4629) of gebruik die volgende skakel: https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq om aan te sluit.)

(Alle temas sal ook op die webtuiste gelaai word om weer deur te werk of te gebruik as Bybelstudie / Groepsbesprekings by Geloofsfamilie byeenkomste.

## Betrekking by die CRL Kommissie se Verhore oor Godsdienstige Regulasie

(Die volledige standpunt van die Owerheidsdeputate is by die "Boodskapper" epos aangeheg.)

Geagte gemeente,

Ons wil u graag in kennis stel van 'n dringende en baie belangrike kwessie wat die kerklike vryheid in Suid-Afrika raak. Die Regtekommissie (CRL) beoog om kerke streng te reguleer en te beheer deur onder andere verpligte registrasie, lisensiëring en regulering van godsdienstige instellings en hul bedienaars.

Die Owerheidsdeputate van die GKSA het reeds 'n standpunt ingeneem waarin hulle beklemtoon dat hierdie rigting ingaan teen die Woord van God en die huidige grondwetlike godsdiensvryheid. Dit is 'n saak wat ons as gelowiges ernstig moet opneem.

Van Junie 2026 tot April 2027 gaan die Artikel 22-komitee na al nege provinsies toe vir 'n week lange, intensiewe oorlegpleging waar lidmate die geleentheid sal hê om hulle stem te laat hoor en hul getuienis te lewer.

Hierdie is 'n waardevolle kans om ons regte en geloofsvryheid te verdedig. Ons moedig daarom alle lidmate aan om betrokke te raak deur die datums van die verhore wat op die deputate se webtuiste verskaf word, dop te hou en hulle te registreer om deel te neem.

Lidmate kan die inligting en datums hier vind en registreer:

- **Deputate se webtuiste**:
[https://magistratustheos.wordpress.com/](https://magistratustheos.wordpress.com/)

**Registrasie en verhore**:
[https://www.section22committee.co.za/events/](https://www.section22committee.co.za/events/)

Dit is 'n ernstige saak wat ons geloof en kerklike vryheid kan beïnvloed. Ons vra dat u as kerkverband hierdie boodskap breed versprei en lidmate aanspoor om aktief deel te neem in die gespreksproses.

Die standpunt van die Deputate kan ook gerus dien as 'n riglyn vir gespreksvoering in publieke verhore.

Mag ons in gebed volhard dat God se wil sal geskied en die kerk se vryheid beskerm sal word.

**Ds. Vickus van Jaarsveld (GK Alberton-Wes)**
**Sel: 074 932 1238**

## Griefshare

Komende Dinsdagoggend word **sessie 6** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30. Belangstellendes kan vir Reinder kontak op 084 827 2443. (Sessies gaan tydens die skoolvakansie steeds voort)

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Ansa Buenk** se suster Ina, is hierdie week oorlede. Ons is saam met haar hartseeer oor hulle verlies. Mag julle deur ons Vader ryklik vertroos word.
- **Paul Grobbelaar** is in Durbanville Medikliniek opgeneem met hartklep-probleme. Daar is na verskeie behandelingsopsies gekyk. Hy word moontlik Vrydag ontslaan. Ons bid hom die krag en nabyheid van die Here toe.
- **Vir Wouter en Rina Grové** was dit 'n week van hartseer, maar ook blydskap en vreugde. Rina se suster is oorlede wat vir hulle 'n hartseer tyding was. Op dieselfde dag het hul kleinseun, ook Wouter, uiteindelik 'n nuwe hart ontvang! Die dokters is tevrede met sy toestand en hy word tot Vrydag onder sedasie gehou. Ons bid vir hulle die Here se vertroosting toe maar is ook saam met hulle die Here baie dankbaar vir Sy troue genade.
- **Liané Opperman** is steeds in die hospitaal en toon verbetering met die behandeling. Sy maak ook mooi vordering met ontwikkelingstappe waaroor ons almal baie opgewonde is. Ons is saam met hulle dankbaar vir elke tree vorentoe.
- **Guillaume Uys** is weer uit die hospitaal ontslaan en sterk nou tuis aan. Ons wil vir hom en Bets verseker van ons voorbidding vir hulle in hierdie tyd.
- **Christina van Huyssteen** se kanker het weer kop uitgesteek waarvoor sy nou weekliks chemoterapie ontvang. Ons bid dat hierdie behandeling geseënd sal wees en dat sy gou sal herstel.
- **Kobus Venter** het 'n ligte hartaanval gehad, maar is reeds ontslaan en sterk tuis aan. Sterkte met die herstel, Kobus!

### Dankie gemeente...

Liewe Gemeente,
My nuwe knie is al drie maande oud en alhoewel ek al gemaklik kan stap, dink ek dikwels aan julle liefdevolle ondersteuning in die vorm van besoeke, whatsapps en telefoonoproepe. Dit, asook al die gebede het vir my baie beteken.
Baie dankie ds Reinder vir jou ondersteuning en besoeke in die Hospitaal. Ek het dit baie waardeer.
Liefdegroete, Judith Coetsee

## Gelukwensings: 

Drie paartjies haak binne die volgende paar dae die knoop deur.

**Jaco Botha en Corné Senekal** het Vrydag 19 September in Potchefstroom getrou.

**Anri Voogt en Aiden Miller** tree op 23 September in die huwelik. Hartlik geluk ook aan Shaun en Louretta Voogt met hierdie mooi geleentheid.

Op 26 September word **Duné Deetlefs en Tjaart van Wyk** in die eg verbind.

Ons bid die Here se seën op elkeen van hierdie egpare en wens hulle 'n lang en gelukkige verbintenis toe.

## Koningskinderskamp 2026

Die jaarlikse Koningskinderskamp begin komende Woensdag en weer te Melkbosstrand. Hierdie instelling is elke jaar die hoogtepunt van die kinders se jaar. Ons dank die Here vir die kinders wat Hy stuur, vir elke groepleier en spanlid se liefdevolle sorg en toewyding, die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding wat elke kind in oorvloed van elke spanlid kry. Ons kry jaarliks sulke goeie terugvoer van ouers en veral onderwysers na so 'n kamp. Dis 'n voorreg en 'n seën vir elke spanlid om hierdie kinders so lief te kan hê. Ons vra die gemeente se voorbidding vir die kamp, vir elke kind wat met sy of haar swaarkry kamp toe kom, vir elke spanlid wat moet voorvat, leer, dissiplineer, liefde en empatie uitdeel. Dit verg 'n groot klomp energie, maar beleef ons genade wat elke dag nuut is.

## Lofsangdiens

Ons herinner graag aan die Lofsangdiens vanaand om 18:00 hier by GKBO. Bring asseblief vriende en familie saam en loof en eer ons Here met lofsang en musiek.

# Kan jy help?

Bid jy graag? Kan jy planne maak? Is jy goed met geld? Werk jy graag met mense? Geniet jy dit dalk om kinders te begelei? Kan jy projekbestuur? Is dit vir jou lekker om fondse in te samel, met ander oor Jesus te gesels, of verhoudings te bou?

---

Daar is tans 'n hele paar ***Charitas*** projekte in Goliath Estate, maar die nood is groot en ons kort die gemeente se hulp om hulle op 'n volhoubare manier aan die gang te hou en – as dit Sy wil is – uit te brei.


### Neem asseblief 'n oomblik om die Charitas behoeftes in gebed na God te bring:

- Charitas span – ons wil graag die span vergroot en benodig spesifiek:
  - Iemand om met die jaarlikse **finansiële oudit** te help
  - 'n Mens of groep wat 'n eenmalige **fondsinsamelingprojek** kan bedryf
  - Nog mense wat wil **saam dink en bid** oor hoe om ons mandaat so goed moontlik uit te leef
- Die tutorprogram – ons benodig hier:
  - Nog mense wat in die middae met tutoring kan help, verkieslik op 'n gereelde basis (1 x 'n week vir 60-90 minute op 'n slag)
  - 'n Toesluitkas om al ons skryfbehoeftes ens veilig te hou aangesien meer as een groep die lokaal waar ons dit hou gebruik
- Vervoerprojek – dit beloop tans sowat R10,000 'n maand en ons benodig bydraes of borge om die bedrag by te bring

### Kontak ons gerus as die Here dit op jou hart lê om betrokke te raak!

In Sy diens: Die Charitas span

## Mediateek




God openbaar hom kragtig in Sy Woord en die natuur.

Lees ***The Language of Rivers and Stars*** en staan opnuut in verwondering oor God en Sy skepping.

Seth Lewis kyk, deur die bril van God se Woord, na ons natuurerfenis, wat die heerlikheid en glorie van God besing.

## CPM MENTOROPLEIDING

Word deel van hierdie kosbare bediening aan gevangenes in sewe tronke oor die Wes-Kaap, waar jy in die gerief en veiligheid van jou eie huis die evangelie kan deel en bedien.

**Ons laaste mentoropleiding vir 2026 is DV:**

**Datum** : Saterdag, 7 November 2026
**Tyd** : 09:00 - 13:00
**Plek** : Gereformeerde Kerk Bellville
Broadwaystraat 6, Vredelust, Bellville
(oorkant Louis Leipoldt Medi-kliniek)

**Kontakpersoon:**
Margo Nijeboer @ 083 263 4523

Daar is ook 'n groot behoefte aan koeriers (wat tronke besoek) om die lesse weer te gaan ruil en 'n geloofsgesprek met dikwels nuwe Christene te voer.
Indien die Here dit op jou hart lê om deel van hierdie bediening te word, skakel met Anton Vreulink of met Frans Nijeboer (083 257 7041)

# Bolandkamp 2026

## Egte geloof in 'n kunsmatige wêreld



**Graad 8 - 12's | 2 - 6 Desember**

**Disakloof Kampterrein, Bettysbaai**

**Hierdie advertensie is gemaak deur 'n mens*

Inskrywingsvorm



NWU
NWU-KOOR
o.l.v KOBUS VENTER
NORTH-WEST UNIVERSITY
CHOIR / KOOR / KWAERE
NOORDWES-UNIVERSITEIT
BELLVILLE KONSERT
19:30
30 SEPTEMBER 2026
VIVOX
VOICES
o.l.v MARIA RADEMAN-VIVIERS
KOM EN DEEL IN DIE ERVARING!
GEREFORMEERDE KERK
BELLVILLE-OOS - 4 CHERRY ST,
BELAIR, CAPE TOWN, 7530
nwu puk-koor
@nwupukchoir
R100 VOLWASSENES
R50 KINDERS (ONDER 18 JAAR)
KAARTJIES VERKOOP BY DEURE

*In die voetspore van Paulus*

# GRIEKELAND

## 13 - 24 OKT 2027

saam met
Ds. Reynold Fourie en Dr Johan Erasmus









**R45 900 (Jhb)**
**R46 900 (CT)**





**Sluit in:**

- ¾ ster verblyf
- ontbyte
- vlugte
- landvervoer
- ingangsfooie

**Uitgesluit:**

- reisversekering,
- visum
- ander maaltye

'n Deposito van R20 000 voor einde Feb, bevestig jou plek



**Vir meer inligting kontak:**

LORAINE: 0731623748





**Daar is 'n amazing geleentheid, en slegs beperkte hoeveelheid mense kan genooi word!!! Indien die volgende jou beskryf, kwalifiseer jy om vir 5 dae op 'n groot avontuur te gaan.**

- Jy 'n Christen en will Jesus Christus se reddings genade met ander deel. ☐
- Jy is 'n student/ jong werkende ☐
- Jy is beskikbaar 1-6 Desember 2026 ☐
- Jy hou daarvan om met tieners te werk ☐
- Jy is 'n lekker mens ☐
- Jy will in jou geloof groei ☐
- Jy hou van speel, kamp, stap, see en eet ☐

**Indien jy 7 reg merkies het- geluk!! Jy word genooi om die jaar 'n groepleier te wees by die Boland kamp. Die kamp is in Bettiesbaai. Om in te skryf as 'n groepleier of vir meer inligting oor die avontuur kontak gerus vir Zea Duffy (076 301 4911)**



# Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Machiel Kruger, Ria Breed, Peter Wattel en Lucas Swart** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VANDAG | 20/09 | BURGER | BADENHORST | GF03 |
| | | CLAUDIA | HEYSTEK | GF26 |
| | | JOHANN | KRIEK | EV4 |
| | | IZELLE | RETIEF | GF22 |
| Ma | 21/09 | ANé | STRAUSS | GF06 |
| | | LUCA | VAN VUUREN | GF22 |
| Di | 22/09 | REYNARDT | POTTAS | GF06 |
| | | MIANETTE | POTTAS | GF06 |
| | | FRANCOIS | SINGELS | DN1 |
| **Woe** | **23/09** | **MACHIEL** | **KRUGER** | **ST1** |
| | | AMANDA | STRAUSS | GF06 |
| | | BARRY | STRYDOM | GF30 |
| **Do** | **24/09** | **RIA** | **BREED** | **GF02** |
| | | MARINA | MALAN | DN2 |
| **Vry** | **25/09** | RENIER | KRUGER | KR1 |
| | | **PETER** | **WATTEL** | **EV2** |
| | | GEER | WATTEL | EV2 |
| **Sa** | **26/09** | CORNELIA | JANSEN | TY2 |
| | | **LUCAS** | **SWART** | **KR2** |
| | | SCHALK | VAN ZYL | GF06 |
| | | HEINRICH | VENTER | GF08 |

# GKBO-Inligting

**Eredienstye:** **(Somer) 09:00 & 18:00 (Sep – Apr)** (Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)
***English Service: 16:30***

**Kerkkantoor:** 08:30 – 14:00
admin@gkbo.org.za ☎ 082 712 4629
kassier@gkbo.org.za ☎ 083 659 1301

**Ds.** Brahm Robinson brahmrobinson@gmail.com ☎ 064 656 1374
**Ds.** Jaco Linde lindejaco@gmail.com ☎ 062 552 5492
**Ds.** Reynold Fourie fouriereynold@gmail.com ☎ 084 707 6276
**Ds.** Reinder Kingma reinderkingma@gmail.com ☎ 084 827 2443
**Skriba:** Hessel Dijkstra skriba@gkbo.org.za ☎ 082 785 5193
**Koster:** Elfriede Coetzee koster@gkbo.org.za ☎ 083 6369 840
Melanie Vollgraaff koster@gkbo.org.za ☎ 084 308 3118

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**
Bydraes kan ook per debietorder of Zapper betaal word. Skakel met die kassier of die kerkkantoor vir 'n Bydraevorm
**Besoek ons webwerf by www.gkbo.org**